

Hoofstuk VI

6.0 Toepassing

Verskillende aspekte van die prysgedig is in die vorige hoofstukke bespreek. Daar is veral aandag gegee aan die ontstaan en temas van die gedigte, asook die verskillende stilistiese kenmerke daarvan. In dié hoofstuk gaan 'n volledige bespreking van 'n prysgedig gegee word. Die gedig is gekies uit die versameling wat gemaak is.

6.1 Die prysgedig van Jakob Mokoka, 'Batswana tsogang' en die vertaling daarvan soos vervat in Bylae A no. 4. Bladsye 216 - 219.

6.2 Die tema en die inhoud van die prysgedig

a) Tema

Die prysgedig is voorgedra aan die aanwesiges wat gekom het om na die President te luister, met die opening van die Lehurutshe Landboukoöperasie. Die geleentheid is prysenswaardig omdat dit iets groots vir die omgewing en die mense daar stel. In die prysgedig word daar na die President en sy voorvaders verwys, en veral op die goeie dinge wat hulle vir die volk gedoen het en nog doen.

b) Inhoud

Strofe 1.

Die President word gegroet deur die prysdigter.

Strofe 2.

Die prysdigter beveel die mense om die verkeerde dinge te laat staan en te kom luister. Die kapteins is daar vergader en die mense moet kom kyk na die mooi dinge (oprigting van die koöperasie) wat daar aangaan.

Strofe 3.

Die mag van President Mangope, wat hy deur sy voorvaders verkry het, word hier aangeprys. Die verdrywing van Silkaats se Matebelies was 'n groot gebeurtenis, waar baie heldedade gepleeg is, en met hierdie mag word die President verpersoonlik.

Strofe 4.

President Mangope se mag word nog steeds aangeprys. Die mag wat hy verkry het, word hier vir die ander kapteins voorgehou. Hulle moet ag slaan op hierdie mag, want hiermee is die Matebelies verjaag en is rus en voorspoed in die distrik gebring.

Strofe 5.

Die wat traag is (die weeskinders) om samewerking te gee word aangespreek en beveel om nie so afvallig te wees nie, maar hulle volle gewig by die stam in te gooi.

Strofe 6.

Die prysdigter het hier die President geprys en hy vra nou sy seën. Die seën is nie slegs op die digter van toepassing nie, maar die hele volk sal hierby baat vind en vooruit gaan.

Strofe 7.

Die President word aangesê om soos sy voorouers te maak (Manyane en Sebogodi) en te verseker, dat dit voorspoedig sal gaan in die land, en alles volop sal wees.

Strofe 8.

Die prysdigter ontmoet die kapteinsvrou wat goeie dinge doen (emmer dra) en ondersteuning vra daarvoor, maar dit nie kry nie. Die ongehoorsames wil nie samewerking gee nie.

Strofe 9.

Die ongehoorsames en aanhitters is slegte mense en daar moet teen hulle opgetree word. Hulle is die slange en daar moet met hulle soos met slange gehandel word.

6.3 Die opbou van die gedig

a) Strofes

Die gedig is opgebou uit nege strofes waarvan die lengte varieer. In elk van die strofes word 'n aparte gedagte of tema aangehaal en uitgebrei. Elk van die nege temas dra by tot die geheel van die prysgedig, naamlik die oproep om gewig in te gooi; die mag en die kapteinskap; en die ongehoorsames en hoe teen hulle opgetree moet word.

Strofe 1 en 2 : Oproep.

Strofe 3,4, 6 en 7 : Mag en kapteinskap.

Strofe 5, 8 en 9 : Ongehoorsames.

Die strofes varieër ook in lengte. Dit blyk duidelik dat die lengte nie as maatstaf vir die indeling van die strofes kan geld nie. Die lengte word baie duidelik deur die bepaalde inhoud of kerngedagte bepaal, byvoorbeeld:

- (i) Strofe een bestaan uit een versreël omdat hier slegs 'n groetvorm aanwesig is.
- (ii) Die volgende strofes word bepaal deur die afronding van die bepaalde gedagte of tema. Vergelyk strofe ses wat baie duidelik 'n afgerondheid vertoon, naamlik die soeke na voorspoed.

b) Versreëls

Die versreëls varieër in lengte, en is op verskillende maniere met mekaar verbind om die strofe daar te stel en om reëlmaat in die opbou van die versreël te kry.

- (i) Die aksentposisies wissel. Die wisseling van aksentposisies word hier goed aangewend om een-tonigheid te vermy en om die woorde te laat optree met hulle volle betekenis en die beeld van traagheid te verstrek, byvoorbeeld reëls 21, 22 en 23. Die aksentposisies word onderstreep.

Dithutsana, le tlogele go tlhonama.

Masiela a boele gae

ba tlogele go falela ditshaba.

Weeskinders, moenie moedeloos wees nie.

Die weeskinders moet terugkeer huis toe

en hou op om na die ander stamme oor te loop.

en ook reëls 44, 45, 46 en 47, waarin die beeld van die slegte mense versterk word.

le mosima o thibe wa mokwepa le phika

o thibe wa dinoga tse di bogale.

Le lebolobolo o le gatake fela;

o le gatake le ditlhako o sa di rwala.

maak toe die gat van die mamba en boomslang

maak toe die gat van die gevaarlike slange.

Die pofadder moet jy net doodtrap;

trap hom dood terwyl jy nie eens skoene aan het nie.

(ii) Die Sesuur

Die ruspunt binne die versreël. Spanning word hierdeur opgewek en die gedagtes en verbeelding van die luisteraars word geprikkel om met meer aandag te volg wat verder gaan gebeur. Reëls 2 en 3.

Heela! - mosimanyana k'wena o yang gae

ema foo - nte ke tle ke go laele;

Haai! - jy seuntjie wat huis toe gaan

staan daar dat ek vir jou 'n boodskap gee.

(iii) Enjambement

Die oorloop van een versreël na 'n ander sonder onderbreking, word aangetref by reëls 2 en 3.

Heela! mosimanyana k'wena o yang gae
ema foo nte ke go laele;
Haai! jy seuntjie wat huis toe gaan
staan daar dat ek vir jou 'n boodskap gee.

Die enjambement veroorsaak hier gedagte- en gevoelskontinuiteit, want beweging word hier aangetoon. Daar word ook stemming geskep, die tempo versnel en daar is dramatiese effek. Reëls 22 en 23.

Masiela a boele gae
ba tlogele go falela ditshaba
Die weeskinders moet terugkeer huis toe
en hou op om na die ander stamme oor te loop.

Die enjambement beïnvloed in dié geval die sinsaksent, want die tweede woord van die volgende reël word uitgehef.

(iv) Parallelisme

Parallelisme hou in dat versreëls wat parallel langs mekaar voorkom sekere elemente bevat wat die reëls aanmekaar verbind. Die verbinding kan sowel grammaties of semanties wees, want dieselfde tipe gedagte of beeld word deur verskillende woorde, maar met identiese grammatiese struktuur herhaal.

Hierdie herhaling kan horisontaal, vertikaal of diagonaal voorkom. Horisontaal geskied die herhaling binne dieselfde versreël en diagonaal en vertikaal geskied die herhaling met opeenvolgende versreëls.

1) Horisontalelyn herhalingspatroon.

Dieselfde gedagte, wat op die wyse, verhaal word,
versterk die sentrale gedagte vervat in so 'n versreël.
Reël 7.

Ke ditsitsipa / diphafala / dinkgela-batho
dit is die sterk toormedisyné wat stink vir die mense.

Die linieêre patroon is:

a → a → a

Reël 15.

O thwala / selo se ntle, / tlhoboro
Hy het 'n mooi ding gekry, 'n geweer.

Linieêr is die patroon:

a b → b

Reël 36.

a e rwele kgamele / a e rwele, / mme a tlhoka dipugo
terwyl sy 'n emmer dra, maar nie drywende takkies het nie.

Linieêr is die patroon:

a → a b

Reël 40.

a re: "Sebe-sebe ya lona / ka ditsebe / ke utlwile."
en sy het vir hulle gesê dat sy hulle gehoor skinder het.

Linieêr is die patroon:

a b → b

2) Vertikalelyn herhalingspatroon.

Die gedagte wat oor meer as een versreël strek is nie slegs bindend van aard nie, maar die gedagtes word versterk en selfs uitgebou.

Reëls 15, 16 en 17.

"O thwala^a selo se ntle, / tlhoboro^b
 e rile^a ge go tlhotswa / ditlhoboro^b
 tlhoboro^b e ntle / ke ya ga^c Kgosi Mangope"

"Hy het 'n mooi ding gekry 'n geweer.

Toe die gewere uitgesoek moes word
 het kaptein Mangope die mooi geweer gekry."

Linieêr is die patroon:

```

a      b
↓      ↓
a      b

b      c
  
```

Reëls 41 en 42.

Ke diganana^a / dikotlhelamotse^a / di-loga-bomênê^a-mênê.

O thibele diganana^a / dikgotlhelamotse^a / di-loga-bomênê^a-mênê.

Dis die ongehoorsames, die aanhitters wat skelmstreke beplan.

Keer die ongehoorsames en die aanhitters.

Linieêr is die patroon:


```

a----->a----->a
↓         ↓         ↓
a----->a----->a
  
```

Hier is 'n voorbeeld waar horisontale en vertikale verwysing goed geïntegreer is. Reëls 44 - 47.

^a le mosima / ^b o thibe / ^c wa mokwepa le phika
^b o thibe / ^c wa dinoga tse di bogale
^c le lebolobo / ^d o le gatake fela
^d o le gatake le ditlhako ^c sa di rwala.
 en keer ook by die gat van die mamba en boomslang
 en keer by die gate van die gevaarlike slange
 die pofadder moet jy net doodtrap
 trap hom dood terwyl jy nie eens skoene aan het nie.

Linieër is die patroon:




3) Diagonalelyn herhalingspatroon.

Die herhaling geskied hier skuins van regs na links of ook van links na regs. Dié herhaling kan oor meer as een reël voorkom, en kan ook oor een reël 'spring' wat nie by die reëls wat verband het, inskakel nie. Die herhaling het die funksie as 'n bindmiddel en ook om die sentrale gedagte in die strofe te versterk en uit te bou. Reëls 3 en 4.

^a ema foo / ^b nte ke go laele;
^b o ye / ^b o ree / ^b banna ba tswé mo go hupeng.
 staan daar dat ek vir jou 'n boodskap gee;
 gaan sê vir die mans hulle moet die drank laat staan.

Linieër is die patroon:



Reëls 7, 8 en 9.

Ke di^atšitsipa / di^aphalafala / di^angela-batho
tse di keleng tsa^b nkgela Moselekatse / ma^cloba
mot^chang / go ne go^d kobiwa Matebele

Dit is die sterk toormedisyné wat stink vir die mense
wat nou die dag vir Silkaats gestink het
die dag toe die Matebelies verdryf is.

Linieêr is die patroon:

a a a
b c
c ← d

Reëls 16 en 17.

"Erile ge go^a tshotswa / di^btlhoboro
tlhoboro e^b ntle / ke ya ga^c Kgosi Mangope."

"Toe die gewere uitgesoek moes word
het kaptein Mangope die mooi geweer gekry."

Linieêr is die patroon:


a b
b ← c

Reëls 36 - 39.

a rwele^a kgamelo, / a e^b rwele, / mme a^c tlhoka dipugo
A be^c a buga / ka menwana ya batho
jaanong^d ba bangwe / ba gana go buga^c

go ne go^c gana / bosuphura-marapo^d
terwyl sy 'n emmer dra maar nie drywende takkies het nie.
Sy het mense se vingers gebruik as drywende takkies;
die ander het geweier om te keer dat die water uitspat.
Dit was die ongehoorsames wat geweier het.

Die lineêre patroon is:



Reëls 46 en 47.

Le lebolobolo / o le gatake fela;
o le gatake le ditlhako o sa di rwala
Die pofadder moet jy doodtrap;
trap hom dood terwyl jy nie eens skoene aan het nie.

Die lineêre patroon is:



(v) Inversie

Die versteuring van die normale sinstruktuur word baie effektief in die gedig aangewend. Dit gee beklemtoning aan die gedagtes daarin vervat.

Reëls 44 - 47.

le mosima o thibe wa mokwepa le phika
o thibe wa dinoga tse di bogale.
Le lebolobolo o le gatake fela;
o le gatake le ditlhako o sa di rwala.
maak toe die gat van die mamba en boomslang
en maak die gate van die gevaarlike slange toe.
Die pofadder moet jy net doodtrap;
trap hom dood terwyl jy nie eens skoene aan het nie.

c) Woordgebruik

(i) Beeldspraak

1) Metafoor.

Die metafoor kom baie funksioneel deur dié hele gedig voor. In die metafore word die hoofgedagtes saamgevat. Die gedagtes is (i) die regeerders en die mag waarmee hulle bekleë is, (ii) ongehoorsame mense, die traes wat gevaarlik is vir die stam. Die metafore wat die regeerders uitbeeld. Reël 12.

kgapha-madi tau di kgaolana mekôkôtlô
op die slagveld breek die leeus mekaar se rûe.
Die woord 'tau' verwys hier na die regeerders.

Reël 15 - 17.

"O thwala selo se sentle, tlhôbôrô.
Erile ge go tlhotshwa ditlhôbôrô
tlhôbôrô e ntle ke ya ga Kgosi Mangope."
"Hy het 'n mooi ding gekry, 'n geweer.
Toe die gewere uitgesoek moes word
het kaptein Mangope die mooi geweer gekry."

Die woorde 'tlhôbôrô' in die drie reëls verwys na die mag waarmee kaptein Mangope bekleë is.

Die metafore wat die traes en ongehoorsames uitbeeld.
Reël 21 en 22.

Dikhutsana, le tlogele go tlhonama.
Masiela a boele gae.

Weeskinders, moenie moedeloos wees nie.
Die weeskinders moet terugkeer huis toe.

Die woorde 'dikhutsana en masiela' verwys na die traë en ongehoorsame mense.

Reëls 44, 45 en 46.

le mosima o thibe wa mokwepa le phika
o thibe wa dinoga tse di bogale.
Le lebolobolo o le gatake fela;
maak toe die gat van die mamba en boomslang
en maak die gate van die gevaarlike slange toe.
Die pofadder moet jy net doodtrap.

Die woorde 'mokwepa, phika en lebolobolo' verwys na die gevaarlike en slegte mense.

2) Simboliek.

Simboliek word baie treffend en funksioneel aangetref in strofe ses, waar die kaptein se seën gevra word vir voorspoed met die landboubedrywighe. Reëls 25 - 28.

o be o mphe le marothodi a mararo
re tle re je makgomane,
mokatane o dumisa mala
le mabele e fetoge ditlhatsana.
en gee vir my ook drie druppels
sodat ons merankies kan eet,
en die makataan verbly die maag
en die koring skiet saad.

Die woorde 'marothodi, makgomane, mokatane en mabele' staan hier simbolies vir die landbou en die voorspoed wat dit simboliseer.

3) Allegorie.

Die allegorie vervul hier dieselfde funksie as die metafoor, daar dit die sentrale gedagtes na vore bring. Die gedagtes van traagheid, uitnodiging, voorspoed en vyandigheid.

Die onderstreepte allegorieë wys hier op die traagheid en onwilligheid van die mense om vooruitgang te bevorder. Reëls 4 en 23.

o ye o ree banna ba tswe mo go hupeng.
ba tlogele go falela ditshaba.
gaan en sê vir die mans hulle moet die drank laat staan.
en hou op om na die ander stamme oor te loop.

In dié drie reëls wys die allegorie op uitnodiging om saam te werk aan vooruitgang.
Reëls 5 en 6.

Ba tle go bana bothakga;
kwano magosi a iteisana bothakga.
Laat hulle kom en mooi dinge sien;
hier kompeteer die kapteins met skoonheid.
Reël 17.

tlhōbōrō e ntle ke ya ga Kgosi Mangope.
het kaptein Mangope die mooi geweer gekry.

In die volgende reëls wys die allegorieë op voorspoed.
Reëls 30 - 32.

Etsa Kgosi Manyane le Sebogodi
ge ba ne ba nisa pula malobo.
Megobe e tlala bophala-phala.
Maak soos kaptein Manyane en Sebogodi
toe hulle dit nou die dag laat reën het.
Die reënwaterpanne het blinkvol geword.

Reëls 35 en 36.

Ka ba ka bopana le mosadi wa kgosi
a rwele kgamelo, a e rwele, mme a tlhoka dipugo.
Toe ontmoet ek die vrou van die kaptein
terwyl sy 'n emmer dra, maar nie drywende takkies het nie.
Reëls 25 en 26.

o be o mphe le marothodi a mararo
re tle re je makgomane.
en gee vir my ook drie druppels
sodat ons merankies kan eet.

Die laaste voorbeelde is waar die allegorie wys
op vyandigheid en dwarstrekery.

Reël 7.

Ke ditsitsipa diphafala dinkgela-batho

Dit is die sterk toormedisyné wat stink vir die mense.

Reël 11 en 12.

tshipi-tlhoboro di lomanya melomo

kgapha-madi tau di kgaolana mekokotlo

die ystergewere het na mekaar gemik

op die slagveld breek die leeus mekaar se rûe.

Reël 20.

A re: "SejaMaburu ke alafilwe"

hy sê: "Ek die Boerevreter is genees".

4) Hiperbool.

Die hiperbool in die prysgedig dien en bevorder nog steeds die sentrale tema, naamlik traagheid, uitnodiging, voorspoedigheid en vyandskap.

Traagheid word uitgebeeld in die volgende versreël.

Reël 2.

Heela! mosimanyana k'wena o yang gae

Haai! jy seuntjie wat huis toe gaan.

(ii) Saamgestelde selfstandigenaamwoorde.

Die saamgestelde selfstandigenaamwoord beklee 'n prominente posisie in die prysgedig. Die woorde is saamgestel omdat daar 'n behoefte was om met die samestelling meer te sê as wat moontlik was met een woord. Die samestellings slaag dan ook goed in dié doel. Sonder 'n lang omkrywing, of 'n omhaal van woorde, word veel gesê in so 'n samestelling.

byvoorbeeld reël 1. 'seepapitso' sameroeper van die stamvergadering.

reël 7. 'dinkgela-batho' dit wat stink vir die mense.

reël 11. 'tshipi-tlhoboro' ystergewere.

reël 12. 'kgapha-madi' slagveld.

reël 20. 'sejaMaburu' Boerevreter.

- reël 39. 'bosephura-marapo' aasvreters.
reël 40. 'sebe-sebe' aanhoudende geskinder.
reël 42. 'dikgotlhelamotse' aanhitters.

(iii) Kontrasterings

Die kontrasterings in die prysgedig is om die kontras tussen goed en sleg, reg of verkeerd en vooruitgang of agteruitgang uit te beeld.

Reëls 4 - 6.

o ye o ree banna ba tswe mo go hupeng.

Ba tle go bona bothakga;

kwano magosi a iteisana bothakga.

gaan en sê vir die mans hulle moet die drank laat staan.

Laat hulle kom en mooi dinge sien;

hier kompeteer die kapteins met skoonheid.

Hier dien die kontrastering om die slegte daede van die mans (die afvalliges en traes) uit te beeld teenoor die goeie daede van die kapteins.

Reëls 21 - 23.

Dikhutsana le tlogele go tlhonama.

Masiela a boele gae

ba tlogele go falela ditshaba.

Weeskinders, moenie moedeloos wees nie.

Die weeskinders moet terugkeer huis toe

en hou op om na die ander stamme oor te loop.

Die funksie van die kontrastering is hier om die beweging van kom en gaan uit te beeld. Die traes en onsamehoriges word uitgenooi om terug te kom en saam te werk en nie weg te gaan en onder ander stamme te gaan bly nie.

Reëls 37 - 39.

A be a buga ka menwana ya batho;
jaanong ba bangwe ba gana go buga.

Go ne go gana bosephura-marapo.

Sy het mense se vingers gebruik as drywende takkies;
die ander het geweier om te keer dat die water
uitspat.

Dit was die ongehoorsames wat geweier het.

Hier word voorspoed en welwillendheid gestel
teenoor traagheid en vyandigheid.

(iv) Kruisverwysings

In die gedig word die kruisverwysings aangewend
om die sentrale tema duidelik te stel en duidelik
te hou. Aandag word op die gedagtes gevestig.
Die gedagtes is dié van die traes, uitnodiging
tot beter samewerking en samehorigheid, voorspoed,
die vyande en ongehoorsames. Die woorde wat die
kruisverwysing moontlik maak sal onderstreep wprd.

Die kruisverwysing wat die gedagte van uitnodiging
sterker stel, byvoorbeeld strofe 2.

Heela! mosimanyana k'wena o yang gae
ema foo nte ke tle ke go laele;
o ye o ree banna ba tswe mo go hupeng.

Ba tle go bona bothakga;

kwano magosi a iteisana bothakga.

Haai! jy seuntjie wat huis toe gaan
staan daar dat ek vir jou 'n boodskap gee;
gaan en sê vir die mans hulle moet die drank laat staan.
Laat hulle kom en mooi dinge sien.

Die gedagte van voorspoed word in strofe 6 deur
die volgende kruisverwysings versterk.

Mphe kgomo, ke go bokile Morena,
o be o mphe le marothodi a mararo
re tle re je makgomane,
mokatane o dimisa mala
le mabele e fetoge ditlhatsana,
kana go nwa metsi a sego ga se go lalla.
Gee vir my 'n bees, ek het jou geprys Kaptein,
en gee vir my ook drie druppels
sodat ons merankies kan eet,
en die makataan verbly die maag
en die koring skiet saad,
want om water uit 'n skepding te drink is nie om
aandete te eet nie.

Die gedagte van vyande en ongehoorsames word
deur die kruisverwysing in strofe 9 versterk.

Ke diganana, dikgotlhelamotse di loga bomênê-mênê.

O thibele diganana dikgotlhelamotse,
di loga bomênê-mênê

le mosima o thibe wa mokwepa le phika
o thibe wa dinoga tse di bogale.

Le lebolobolo o le gatake fela;
o le gatake le ditlhako o sa di rwala.

Dis die ongehoorsames, die aanhitters wat skelmstreke
beplan.

Keer die ongehoorsames en die aanhitters,
terwyl hulle skelmstreke beplan
maak toe die gat van die mamba en boomslang
en maak die gate van die gevaarlike slange toe.

Die pofadder moet jy net doodtrap;
trap hom dood terwyl jy nie eens skoene aan het nie.

(v) Argaïsme

In reël 19 word die woord 'Nkakadiane' aangetref. Dit is ontleen aan die mitologie en is onbekend vir die deursnee Tswana. Dit word hier aangewend om op die slegtheid en vyandskap van Moselekatse te wys.

d) Klankgebruik

(i) Rym, ritme en metrum.

Geen vorm van rym kom in die gedig voor nie. Daar is wel ritme in dié gedig, maar is nie opvallend nie, aangesien dit gepaard gaan met die asemhalingsproses en die talle gebare. Metrum kom ook nie voor nie.

In die gedig kom wel heffings voor om sekere begrippe of woorde te beklemtoon, byvoorbeeld reëls 25 - 27.

o bè o mphè marothòdi a maràro
rè tlè rè jè makgòmàne
mòkàtàné o dumisa màlà
en gee vir my ook drie druppels
sodat ons merankies kan eet,
en die makataan verbly die maag
en die koring skiet saad.

e) Elisie

In strofe sewe word funksionele elisie aangetref, waar geëlideer word terwille van ritme. Die geëlideerde gedeeltes word in hakies geplaas.

Basadi ba e gel(e)l(el)a (fa)thoko le (fa) gare;
ba tshaba kwena go(re)(e)(tla)(ba) phamola.
Die vrouens het aan sy kante en in die middel geskep;
hulle was bang dat die krokodil hulle sal gryp.

6.4 Samevatting

Hierdie gedig se geslaagdheid kan aan verskillende aspekte toegeskryf word.

- (i) Die tema, naamlik oproep tot bydrae in die landbou kry baie duidelik gestalte in die gedig
- (ii) Die beeldspraak dra ook by tot die sentrale tema. Opvallend in dié gedig is die metafore wat die regeerders, ongehoorsames en voorspoed uitbeeld.
- (iii) Die versreëls word effektief deur die verskillende paralellismes verbind. Dit gee kontinuïteit aan die ritme en die inhoud van die gedig.
- (iv) Die woordgebruik gee ook baie duidelik gestalte aan die gedig deur middel van kontrastering en vertikale kruisverwysings.

Hoofstuk VII

Samevatting

7.1 Inleiding

Die bestudering van die Tswanaprysgedig is baie verwaarloos, as die ander Swarttale van Suider Afrika as maatstaf gebruik word.

Die Sothotale en veral Suid-Sotho se tradisionele mondelinge letterkunde is goed bestudeer. Daar bestaan 'n hele aantal gesaghebbende bronne oor die prysgedig in Suid-Sotho.

Die Ngunitale is ook goed bestudeer en veral in Zulu bestaan daar bronne wat kan spreek met gesag oor dié onderwerp.

Wat Tswana betref is daar nog baie onontginde materiaal wat wag om bestudeer te word. In die tradisionele 'hoofstede' van die Tswana kan etlike boeke volgeskrywe word. Geen rede bestaan hoekom prysgedigte nie bestudeer en te boek gestel kan word nie. Al rede blyk 'n gebrek aan belangstelling te wees.

Benewens dié verhandeling het slegs Schapera, Van der Merwe en Malepe enige noemenswaardige bydraes gemaak oor die prysgedig. Schapera en Van der Merwe se bydraes is ook etlike dekades van te vore gemaak en geen nuwere werke oor die prysgedig bestaan nie.

Daar rus dus 'n plig op die Universiteite om belangstelling gaande te maak, en studente te motiveer om meer na die Tswana se tradisie te kyk en veral na die mondelinge letterkunde.

Dié genre van die letterkunde is besig om te kwyn, as gevolg van die kontak met Westerse beskawing. Baie van hierdie letterkunde setel nog slegs in die ou mense, omdat die jongeres reeds verwesters is, en nie meer belangstel in hierdie sy van die tradisie nie. Daar moet dus nie gesloer word met die bestudering en versameling van prysgedigte nie.

Die prysdigter staan bekend as "mmoki" onder die Tswanas en die woord is afgelei van die werkwoord "boka" wat prys of aanprysing beteken. Die moderne digter wat hedendaagse poësie skryf staan ook bekend as 'n "mmoki" en sy gedigte as "maboko". Die neiging is om weg te beweeg van die tradisionele prysgedig na die moderne poësie, maar altwee dieselfde te benaam. Die moderne digter put ryklik uit die tradisionele letterkunde, maar gebruik nou die Europese maatstawwe in sy gedigte.

Dit is waar die gevaarpunt lê, alhoewel die twee genres nie dieselfde is nie, word hulle tog dieselfde genoem. Die prysgedig word dus agterweë gelaat ten gunste van die moderne poësie. Daar kan op die stadium nie eens gepraat word dat die genres gelyke belangstelling geniet nie.

Daar sal dus 'n ernstige poging aangewend moet word, om van die tradisionele mondelinge letterkunde te red. Dit moet egter nie net te boek gestel word nie, maar die belangstelling daarvoor moet so wees dat dit bly voortbestaan, veral as mondelinge poësie.

7.2 Die stand van die Tswanaprysgedig en -prysdigter

Die prysgedig kan nie voortbestaan sonder die prysdigter nie, en die omgekeerde is ook waar. Daar is nie meer 'n toevoer van prysdigters nie, soos vroeër die geval was, toe inisiasieskole nog gereeld gehou is nie. 'n Prysdigter kan elk geval nie 'gemaak' word nie, maar daar kon inspirasie geput word uit die skole.

Die prysdigters wat vandag prysgedigte voordra is almal bejaarde manne en geen geval kon opgespoor word van 'n prysdigter jonger as veertig jaar nie. Die jonger Tswana spits hom meer toe op moderne poësie, wat tog nog gebruik van die tradisionele poësie.

Die kultuurorganisasies van Bophuthatswana sal aandag moet skenk aan dié wenslikheid om belangstelling te prikkel vir die tradisionele kuns. Ook in die skole kan aandag aan die saak gegee word.

Die tradisionele prysdigter is besig om van die toneel te verdwyn. 'n 'Nuwer' prysdigter tree na vore, hulle gaan meestal geklee in Westerse kleredrag, is geskool en beklee gewoonlik voltydse betrekkings. Die prysgedigte wat deur hulle voorgedra word, is nie meer soseer stam- en kultuurgebonde nie, maar beweeg op ander sfere.

Die nuwer tipe prysdigters sal aangemoedig moet word om hulle kuns te lewer, al is dit nie meer streng tradisioneel nie. Van die standpunt kan egter ook uitgegaan word, dat wat vandag dalk nie 'n tradisionele karakter het nie sal in die komende tyd wel so wees.

Die prysgedigte wat deur die prysdigters voorgedra word, prys ook nie meer so erg handeling soos dit met tradisionele prysgedigte die geval was nie. Dié tipe handeling bestaan nie meer nie, en prysgedigte moet nou 'nuwe' of andersoortige handeling prys.

Die Tswana sal meer bewus van sy tradisionele nalatenskap gemaak moet word. Die prysgedigte kan nie bekostig om hulle tradisionele karakter geheel en al af te skud nie. Al sou tradisionele handeling nie meer geprys word nie, is daar meer in tradisie wat aangeprys kan word as handeling.

Die prysgedig kan ook net bly voortbestaan as dit mondelings kan bestaan. Daar moet dus 'n prysdigter wees wat die prysgedig mondelings voordra voor 'n waarderende gehoor. As die drie komponente nie kan bly voortbestaan nie, kan die prysgedig nie meer van sy plek onder die tradisionele literatuur verseker wees nie.

Hoe meer studente in dié tradisionele genre belangstel en ander met hulle belangstelling prikkel, hoe meer sal gedoen word om die belangstelling te hou. Die prysdigter sal dus aanhou om sy prysgedig te komponeer en mondelings voor te dra. Die prysgedig sal dan van 'n voortbestaan verseker wees.

7.3 Ontstaan en temas van prysgedigte

Dieselfde argumente wat onder 7.2 gegeld het, is ook hier van toepassing. Die tema en ontstaan van prysgedigte is onderskeibaar, maar onskeibaar. Die een impliseer die ander. Daar kan 'n tema wees en dan ontstaan die prysgedig daaromheen of die prysgedig ontstaan spontaan en uit die ontstaan vloei die tema dan voort.

Prysgedigte ontstaan egter nie so geredelik soos dit die geval was, drie of vier dekades terug nie. Daar gebeur nie meer soveel prysenswaardige gebeure en handeling waaruit die prysgedig voortvloei nie.

Daar is vandag ander soorte handeling wat geprys word. Die opkomende nasionalisme van die jong Republiek van Bophuthatswana sal ander horisonne daar stel. Aktiewe handeling word nie meer aangeprys nie, maar denkbeeldige handeling. Die tipe handeling en gebeure tree na vore by byvoorbeeld die opening van regeringsgeboue, hospitale en klinieke, skole, landboukoöperasies, ensovoorts. Ook die nuwe ampte en hoedanighede van die nuwe regeringsleiers met hulle besoeke, aan stamgebiede, en oorsee skep die toestande vir die tema en ontstaan van prysgedigte.

Prysgedigte met dié ontstaan en temas is nie swakker as die werklike tradisionele prysgedigte nie, maar die vrees bestaan dat hulle hierdeur hulle tradisionele geaardheid sal verloor. Weer eens kan net gestel word, dat wat vandag dalk nie na tradisie lyk nie sal oor 'n tydperk wel so wees.

Die opkomende nasionalisme en toenemende aanraking met die Blanke en Westerse kultuur, sal die prysgedigte vir die toekoms nog van ontstaan en temas verseker. Gepaardgaande met die nasionalisme is daar 'n ontwaking ten opsigte van die tradisie te bespeur en dit sal lei tot die bewaring van die prysgedig.

7.4 Vormlike kenmerke van die prysgedig

Die prysgedig is opgebou uit die volgende twee tipes boustene, naamlik kwantitatief en kwalitatief.

A) Kwantitatief

Uit dié boustene word die poësie opgebou naamlik:-

1. Klanke
2. Sillabes
3. Woorde
4. Versreëls
5. Strofes

B) Kwalitatief

Die boustene wys op die kwaliteit van die boustene vir die spesifieke genre.

1. Woordgebruik
 - a) Beeldspraak
 - b) Parallelisme
 - c) Argaïsmes
 - d) Elisie
 - e) Inversie
 - f) Saamgestelde selfstandige naamwoorde en prysname.

2. Klankgebruik

- a) Metrum
- b) Ritme
- c) Assonansie
- d) Alliterasie

In die prysgedig is daar 'n algehele afwesigheid van rym, en om hiervoor in te staan word veral paralellisme gebruik. Die versvorm is vry, met versreëls en selfs strofes wat by een geleentheid teenwoordig is en by 'n ander nie. Versreëls en strofes kan ook enige plek in die prysgedig optree en het nie 'n vaste plek nie.

Dit is egter veral die beeldgebruik wat die prysgedig tipeer as 'n genre van die poësie met 'n tradisionele aansien.